3.07.02. If any goods have been delivered before a valid landing, delivery and forwarding order or customs and excise delivery order, as the case may be, has been granted by the Controller in respect of such goods for the delivery or forwarding thereof to the importer, such goods shall, if the Controller so requires, be returned at the expense of the master or pilot, to the place from which such goods were so delivered, or be brought to such other place as the Controller may decide.

3.07.03. The Secretary may enter into such other arrangements with the South African Railways or airline operators as he may deem necessary in respect of the handling of goods in terms of this Chapter.

3.07.04. The delivery of goods from any dock area or airport transit shed before discharge of the ship or aircraft has been completed, will be permitted, provided the landing, delivery and forwarding order or customs and excise delivery order, as the case may be, proving that the goods have been duly entered has been received by the authority in control of such dock area or airport transit shed and the goods are not required to be detained for the purposes of the department.

3.07.05. No landing, delivery and forwarding order or customs and excise delivery order shall be valid and shall be acted upon unless such form is signed and date-stamped by the Controller and bears the number and date of the bill of entry on which the goods to which such order relates were entered in terms of the Act.

3.07.06. The Controller may by endorsement on any landing, delivery and forwarding order or customs and excise delivery order, or in any other manner, order the detention or the delivery to a place indicated by him for the purposes of the department of the whole or any part of the goods to which such order relates and such goods shall not be delivered or removed except as ordered by the Controller.

3.07.07. Every agent, railway official or other person landing and delivering goods at any place shall, within a period of 14 days from the date on which such landing commences, or within such further period as the Controller may allow, furnish to the Controller a statement with particulars of the packages reported for landing at that place in terms of section 7 but not landed at that place, and of the packages landed at that place but not so reported, and shall before the expiration of the said period of 14 days or such further period as has been allowed by the Controller, deliver all goods landed but not reported (unless the said statement reflects particulars of due entry and delivery of such goods), as well as all goods in respect of which due entry has not been made, to the State warehouse or such other place as may be approved by the Controller.

Exportation of goods

3.08.01. Any person entering goods for exportation shall, if required to do so by the Controller, produce all documents relating to the goods together with the shipping and collecting order (in a form approved by the Secretary), air way-bill or consignment note.

3.08.02. Subject to the provisions of regulation 3.08.04 no person shall cause any goods for export to be loaded into a ship or aircraft or any other vehicle unless such person has received a copy of the shipping and collecting order, air way-bill or consignment note relating to such goods, signed and date-stamped by the Controller, authorizing the export of such goods in that ship, aircraft or any other vehicle.

3.08.03. Die gesagvoerder ofloods van enige skip of vliegtuig waarin enige in regulasie 3.02.03 of 3.02.04 vermelde goedere vir uitvoer gelaaï is, moet, voor vertrek van die laaste plek af in die Republiek aangedoen, sodanige goedere op versoek van die Kontroleur vir doeleindes van nasien aan hom uitwys of aan hom rekenskap gee van sodanige goedere. Geen sodanige goedere mag sonder die uitdruklike toestemming van die Kontroleur by enige plek in die Republiek geland word nie, en indien geland, word sodanige goedere behandel soos ingevoerde goedere wat sonder rapportering ooreenkomsartikel 7 geland is.

3.08.04. In die geval van goedere wat van 'n plek in die Republiek af uitgevoer word waar daar geen doeane-en-aksynskantoor is nie, kan die Sekretaris ten opsigte van sodanige goedere wat hy nodig ag en op die voorwaardes wat hy ople, aan die uitvoerder toestemming verleen om die klaringsbrief vir uitvoer van—

- (a) goedere nie ex pakhuis nie (vorm DA 23 of 24) tesame met die betrokke dokumente aan die spoorweg- of lugvervoerbeampte by daardie plek voor te lê; en
- (b) ex pakhuis verkoopreggoedere wat in die Republiek vervaardig is (vorm DA 25) en per spoor uitgevoer word deur die gelisensieerde vervaardiger, tesame met die betrokke faktuur aan die spoorwegbeampte by daardie plek voor te lê.

Sodanige beampte moet seker maak dat aan die vereistes van die Wet voldoen word voordat die uitvoer van die onderhawige goedere gemagtig word, en moet die oorspronklike van die betrokke klaringsbrief aan die Sekretaris stuur.

Invoer of uitvoer van goedere van en na Afrika-gebiede

3.09.01. Die invoer van enige goedere van of die uitvoer van enige goedere na enige Afrika-gebied met die regering waarvan 'n ooreenkoms kragtens enige bepaling van die Wet aangegaan is, is aan die bepalings van sodanige ooreenkoms onderworpe.

Invoer of uitvoer van goedere van, na of deur Mosambiek

3.10.01. Goedere van of deur die Provincie Mosambiek ingevoer, kan vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes by Lourenco Marques geklaar word. Die vorms by hierdie regulasies vir behoorlike klaring van goedere in Suid-Afrika voorgeskryf, moet gebruik word, en in alle gevalle waar behoorlike klaring voor die Suid-Afrikaanse Konsul (Doeane) te Lourenco Marques gedoen is, mag die karweier, indien hy iemand anders as die Suid-Afrikaanse Spoorweë is, die betrokke goedere nie aan die geadresseerde in Suid-Afrika aflewer nie, tensy bedoelde karweier 'n afskrif van die betrokke klaringsbrief, genommer en met 'n stempel gedateer, van daardie Konsul ten opsigte van sodanige goedere ontvang het en waar sodanige goedere per pad ingevoer word, moet sodanige afskrif aan die Kontroleur te Komatiopoort of ander aangewese klaringsplek tot die Republiek of Swaziland voorgelê word.

3.10.02. In alle gevalle waar behoorlike klaring vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie voor die Suid-Afrikaanse Konsul (Doeane) te Lourenco Marques gedoen is nie, kan goedere wat van of deur die Provincie Mosambiek ingevoer word slegs na plekke wat as klaringsplekke aangewys is, gestuur word, en die Suid-Afrikaanse Spoorweë of ander karweier moet, indien dit vereis word, enige goedere wat nie behoorlik vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes te Lourenco Marques geklaar is nie, maar wat vir vervoer aangeneem is na 'n ander plek as 'n plek wat as 'n klaringsplek aangewys is, aan die Kontroleur onder wie se jurisdiksie sodanige ander plek ressorteer, aflewer.

3.10.03. Indien behoorlike klaring van goedere wat van of deur die Provincie Mosambiek Suid-Afrika binnegebring word nie by die Suid-Afrikaanse Konsul (Doeane) te Lourenco Marques gedoen is nie, moet die geadresseerde sodanige goedere binne 7 dae na aankoms daarvan, of binne die verdere tydperk wat die Kontroleur by die plek van bestemming toelaat, vir doeanedoeleindes op die voorgeskrewe vorms klaar. So nie moet die Suid-Afrikaanse Spoorweë of ander karweier die goedere by die Staatspakhuis of enige ander deur die Kontroleur goedgekeurde plek by die plek van bestemming aflewer.

3.10.04. Wanneer goedere van 'n in regulasie 3.11.02 vermelde klas of soort by enige plek in die Republiek vir verwydering oor Lourenco Marques na 'n ander plek in die Republiek gelaaï word, moet die persoon wat sodanige goedere aldus laat laai aan die prosedure en voorwaardes voldoen waarop die Sekretaris in elke geval besluit, en as daar nie aan sodanige prosedure en voorwaardes voldoen word nie, word die goedere by herinvoer daarvan in die Republiek as ingevoerde goedere onderhewig aan reg beskou.

Kusvervoer en kusvaarders

3.11.01. In die geval van goedere wat vir kusvervoer gelaaï is, moet die verskeper aan die Kontroleur, voordat die goedere aldus gelaaï word, 'n klaringsbrief vir kusvervoer of vervoer deur aangrensende gebiede van vrygestelde goedere (vorm DA 31) oorhandig en die gesagvoerder van die betrokke skip moet aan die Kontroleur

3.08.03. The master or pilot of any ship or aircraft into which any goods referred to in regulation 3.02.03 or 3.02.04 have been loaded for export shall, before departure from the last place of call in the Republic, on demand by the Controller indicate to him all such goods for the purpose of checking or account to him for such goods. No such goods shall be landed at any place in the Republic without the express permission of the Controller and if landed, such goods shall be treated as imported goods landed without reporting in terms of section 7.

3.08.04. In the case of goods being exported from a place in the Republic where there is no customs and excise office, the Secretary may, in respect of such goods as he considers necessary and under such conditions as he may impose, permit the exporter to present a bill of entry for export of—

- (a) goods not ex warehouse (form DA 23 or 24), together with the relative documents, to the railway or air transport official at that place; and
- (b) sales duty goods manufactured in the Republic and exported ex warehouse (form DA 25) by rail by the licensed manufacturer, together with the relative invoice to the railway official at that place.

Such official shall ensure that the requirements of the Act are complied with before authorizing the exportation of the goods in question and shall forward the original of the bill of entry concerned to the Secretary.

Importation or exportation of goods from and to African territories

3.09.01. The importation of any goods from or the exportation of any goods to any African territory with the government of which any agreement has been concluded under any provision of the Act shall be subject to the provisions of such agreement.

Importation or exportation of goods from, to or through Mozambique

3.10.01. Goods imported from or through the Province of Mozambique may be duly entered for South African customs purposes at Lourenco Marques. The forms prescribed by these regulations for due entry of goods in South Africa shall be used, and, in all cases where due entry has been made before the South African Consul (Customs) at Lourenco Marques, the carrier, if a person other than the South African Railways, shall not deliver the goods concerned to the consignee in South Africa unless the said carrier has received a numbered and date-stamped copy of the relative bill of entry from that Consul in respect of such goods and where such goods are imported by road, such copy shall be produced to the Controller at Komatiport or other appointed place of entry for the Republic or Swaziland.

3.10.02. In all cases where due entry for South African customs purposes has not been made before the South African Consul (Customs) at Lourenco Marques, goods imported from or through the Province of Mozambique may be forwarded only to the places appointed as places of entry, and the South African Railways or other carrier shall, if so required, deliver any goods which have not been duly entered for South African customs purposes at Lourenco Marques, but which have been accepted for conveyance to a place other than a place appointed as a place of entry, to the Controller under whose jurisdiction such other place falls.

3.10.03. If due entry of goods brought from or through the Province of Mozambique into South Africa has not been made before the South African Consul (Customs) at Lourenco Marques, the consignee shall within 7 days of the arrival of the goods, or within such further period as the Controller at the place of destination may allow, enter such goods for customs purposes on the prescribed forms. If not, the South African Railways or other carrier shall deliver the goods to the State warehouse or any other place approved by the Controller at the place of destination.

3.10.04. When goods of a class or kind referred to in regulation 3.11.02 are loaded at any place in the Republic for removal via Lourenco Marques to another place in the Republic, the person who causes such goods to be so loaded shall comply with such procedure and conditions as the Secretary may decide in each case and if such procedure and conditions are not complied with, the goods shall on their re-entry into the Republic be regarded as being imported goods liable to duty.

Coastwise traffic and coasting ships

3.11.01. In the case of goods loaded for carriage coastwise the shipper shall deliver to the Controller, before the goods are so loaded, a bill of entry for coastwise removal or removal through contiguous territories of released goods (form DA 31) and the master of the ship concerned shall deliver to the Controller before the departure of

voor vertrek van die skip van die plek af waar die goedere aldus gelaai is; 'n manifes in 'n deur die Sekretaris goedgekeurde vorm wat die besonderhede van sodanige goedere bevat, oorhandig. Die verskeper moet 'n afskrif van sodanige klaringsbrief (deur die Kontroleur genommer en met 'n stempel gedateer) aan die geadresseerde van die goedere waarop dit betrekking het, stuur.

3.11.02. 'n Klaringsbrief vir kusvervoer van goedere kan slegs aan die departement voorgelê word, en is slegs geldig ten opsigte van ingevoerde of synbare goedere of verkoopreggoedere waarop die verskuldige reg betaal is, of ten opsigte van goedere wat in die Republiek verbou, geproduceer of vervaardig en nie aan aksyns- of verkoopreg onderhewig is nie of sodanige ander goedere waarop die Sekretaris van tyd tot tyd besluit, vir vervoer per skip van enige plek in die Republiek na enige ander plek in die Republiek of na enige plek buite die Republiek wat ooreenkomstig artikel 6 as 'n klaringsplek aangewys is of in enige ander omstandighede wat die Sekretaris goeddink. 'n Afsonderlike klaringsbrief moet aan die Kontroleur ten opsigte van elke afsonderlike vervoeraartig en elke afsonderlike geadresseerde voorgelê word.

3.11.03. Geen goedere mag op enige skip vir kusvervoer gelaai word voordat 'n verskepings- en afhaalorder ten opsigte van sodanige goedere deur die Kontroleur onderteken en met 'n stempel gedateer is, wat die laai van sodanige goedere in daardie skip magtig nie.

3.11.04. Die geadresseerde van goedere wat langs die kus vervoer is, moet aan die Kontroleur by die plek waar sodanige goedere geland word 'n afskrif van die klaringsbrief vir kusvervoer of vervoer deur aangrensende gebiede van vrygestelde goedere (vorm DA 31), deur die Kontroleur by die plek waar sodanige goedere gelaai is, genommer en met 'n stempel gedateer ten opsigte van sodanige goedere voorlê, tesame met 'n afskrif van die ladingsbrief vir daardie goedere en enige ander getuienis wat die Kontroleur verlang dat geen reg op sodanige goedere betaalbaar is nie of dat aan geen verpligting ten opsigte van sodanige goedere kragtens die Wet voldoen moet word nie. Geen sodanige goedere mag verwijder of afgelê word deur die landingsowerheid voordat die Kontroleur die aflewering op 'n landings-, aflewering- en afsendingsorder gemagtig het en 'n afskrif van sodanige order deur die Kontroleur onderteken en met 'n stempel gedateer in besit van die landingsowerheid is nie.

3.11.05. Regulasie 3.07.02 is van toepassing op goedere wat langs die kus vervoer word.

3.11.06. Goedere wat langs die kus vervoer word, moet na landing by die plek van bestemming geheel en al afsonderlik van ander goedere gehou word.

3.11.07. Die bepalings van regulasie 3.02.08 is ten opsigte van kusvaarders van toepassing maar die Sekretaris kan die uitreiking van algemene of spesiale geleibiljette aan kusvaarders in sodanige omstandighede wat hy nodig ag, magtig. Elke algemene of spesiale geleibiljet ooreenkomstig hierdie regulasie uitgereik, is aan die bepalings van regulasies 3.03.01 tot 3.03.04 onderworpe.

Persone wat die Republiek binnekum of verlaat en hulle bagasie

3.12.01. Iemand wat die Republiek binnekum mag nie sy bagasie, of enige ander goedere wat hom vergesel, van doeane-en-aksynsbeheer verwijder of sodanige bagasie of goedere aldus laat verwijder, totdat dit deur die Kontroleur vrygestel is nie, en niemand (selfs nie die gesagvoerder ofloods, sy agente of beampies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë nie) mag enige sodanige bagasie of goedere wat vir aflewering by hom gelaat of aan hom oorhandig is, aflewer nie, totdat sodanige vrystelling verleen is nie.

3.12.02. Elke persoon wat die Republiek binnekum of verlaat, moet sonder voorbehoud aan die Kontroleur die goedere wat hy in sy besit het, verklaar en moet in besonder sorg dra om, in die geval van binnekoms, artikels soos die volgende te noem—

tabak, sigare, sigarette, spiritus (met inbegrip van geparfumeerde of toiletspirit, gewoonlik bekend as parfumerie), waarop die reg nie ingevolge item 407.02 (1) gekort word nie; vuurwapens; geværlike wapens; horlosies; juweliersware; pelsklerasie; lewende diere; plantaardige stowwe; afhanglikheidsvormende stowwe en geskenke vir of pakkies ten behoeve van ander persone saamgebring.

Elke persoon wat die Republiek binnekum of verlaat moet ook aan die Kontroleur enige goedere waarvan die invoer of uitvoer verbode of beperk is, voorlê en oorhandig.

3.12.03. Die Kontroleur kan na goeddunke 'n skriftelike verklaring eis in die plek van 'n mondelinge verklaring wat aan hom afgelê is.

3.12.04. Enige goedere wat die Republiek binnegebring word en vir verkoop bestem is, moet spesiaal as vrag aangegee word en moet as sodanige vir doeane-en-aksynsdoelindes op die voorgeskrewe vorms geklaar word.

the ship from the place where the goods were so loaded, a manifest in a form approved by the Secretary and containing particulars of such goods. The shipper shall forward a copy of such bill of entry (numbered and date-stamped by the Controller) to the consignee of the goods to which it relates.

3.11.02. A bill of entry for coastwise removal may only be presented to the department and shall only be valid in respect of imported, excisable or sales duty goods on which the duty due has been paid or in respect of goods grown, produced or manufactured in the Republic and not liable to excise duty, sales duty or such other goods as the Secretary may decide from time to time, for transport by ship from any place in the Republic to any other place in the Republic or to any place outside the Republic which has been appointed a place of entry in terms of section 6 or in such other circumstances as the Secretary deems fit. A separate bill of entry for such removal shall be presented to the Controller in respect of each separate carrying vessel and each separate consignee.

3.11.03. No goods shall be loaded on any ship for carriage coastwise until a shipping and collecting order in respect of such goods has been signed and date-stamped by the Controller authorizing the loading of such goods in that ship.

3.11.04. The consignee of goods carried coastwise shall submit to the Controller at the place where such goods are landed a copy of the bill of entry for coastwise removal or removal through contiguous territories of released goods (form DA 31) in respect of such goods, numbered and date-stamped by the Controller at the place where such goods were loaded, together with a copy of the bill of lading for those goods and any other evidence the Controller may require that no duty is payable on such goods or that no obligation under the Act is to be complied with in respect of such goods. No such goods shall be removed or delivered by the landing authority until the Controller has authorized delivery on a landing, delivery and forwarding order and a copy of such order, signed and date-stamped by the Controller, is in the possession of the landing authority.

3.11.05. Regulation 3.07.02 shall apply to goods carried coastwise.

3.11.06. Goods carried coastwise shall be kept entirely separate from other goods after landing at the place of destination.

3.11.07. The provisions of regulation 3.02.08 shall apply in respect of coasting ships but the Secretary may authorize the issue of general or special transires to coasting ships in such circumstances as he considers necessary. Any general or special transire issued in terms of this regulation shall be subject to the provisions of regulations 3.03.01 to 3.03.04.

Persons entering or leaving the Republic and their baggage

3.12.01. A person entering the Republic shall not remove his baggage, nor any other goods accompanying him, from customs and excise control, or cause such baggage or goods to be so removed until they have been released by the Controller and no person (not even the master or pilot, his agents or officials of the South African Railways), shall deliver any such baggage or goods left with or handed to him for delivery until such release has been granted.

3.12.02. Every person entering or leaving the Republic shall declare unreservedly to the Controller what goods he has in his possession, taking particular care in the case of entry to mention articles such as the following—

tobacco, cigars, cigarettes, spirits (including perfumed or toilet spirits, commonly called perfumery), on which the duty is not rebated in terms of item 407.02 (1); firearms; dangerous weapons; watches; jewellery; fur clothing; live animals; vegetable matter; dependence-producing substances and presents for or parcels carried on behalf of other persons.

Every person entering or leaving the Republic shall also produce and deliver to the Controller any goods the importation or exportation of which is prohibited or restricted.

3.12.03. The Controller may in his discretion demand a written declaration in lieu of a verbal declaration made to him.

3.12.04. Any goods brought into the Republic and intended for sale shall be specially declared as cargo and shall be entered as such for customs and excise purposes on the prescribed forms.

3.12.05. Enige goedere behalwe vrag wat ooreenkomsdig artikel 7 gerapporteer is, wat sonder 'n geldige verklaring ingevoer of uitgevoer of uit doeane-en-aksynsbeheer verwyder is of ten opsigte waarvan 'n poging tot invoer, uitvoer of verwydering aangewend is, moet behandel word as goedere wat sonder behoorlike klaring ingevoer, uitgevoer of verwyder is.

Vervoer van goedere onder waarborg

3.13.01. Alle goedere kragtens die bepalings van artikel 18 (1) onder waarborg vervoer, moet op 'n klaringsbrief vir vervoer onder waarborg (vorm DA 14 of 15) geklaar word, maar die Sekretaris kan, ten opsigte van sodanige klas of soort goedere waarop hy besluit, sodanige ander vorm van klaring aanvaar wat hy goedkeur op die voorwaarde wat hy ople.

3.13.02. Behoudens die bepalings van regulasies 3.13.06 en 3.13.07 mag geen goedere onder waarborg vervoer word nie, totdat die vervoerder deur die Kontroleur op 'n landings-, afleverings- en afsendingsorder of ander dokument gemagtig is om sodanige goedere te vervoer.

3.13.03. Goedere mag binne die Republiek onder waarborg vervoer word slegs na 'n plek wat as 'n klaringsplek aangewys is of, in omstandighede wat die Sekretaris buitengewoon na enige spoorwegstasie of sylyn, of enige perseel of pakhuis binne die beheergebied van die Kontroleur by daardie plek of, in die geval van synbare goedere, na 'n gelisensieerde doeane-en-aksynspakhuis indien sodanige goedere vir opslag in daardie doeane-en-aksynspakhuis bestem is: Met dien verstaande dat verkoopreggoedere wat in die Republiek vervaardig is onder waarborg vervoer mag word slegs na 'n plek wat as 'n klaringsplek aangewys is en slegs vir heropslag op daardie piek.

3.13.04. Behalwe waar in hierdie regulasies anders bepaal is, mag die geadresseerde van goedere wat onder waarborg na 'n plek in die Republiek verwyder is nie sodanige goedere by die bestemmingsplek in ontvangs neem of dit laat opslaan of uitvoer nie totdat hy die goedere by 'n doeane-en-aksynskantoor by daardie plek, vir verbruik, opslag of uitvoer behoorlik geklaar het en die skriftelike magtiging van die Kontroleur vir sodanige aflevering, opslag of uitvoer verkry het nie. Die bedoelde geadresseerde moet ook aan die Kontroleur alle sodanige fakture en dokumente met betrekking tot die goedere voorlê wat hy verlang asook 'n afskrif van die betrokke klaringsbrief vir vervoer onder waarborg genommer en met 'n stempel gedateer. Indien die goedere nie binne 7 dae na aankoms daarvan by die plek van bestemming, of binne die verdere tydperk wat die Kontroleur toelaat, by daardie plek geklaar is nie, moet die verwyderaar of die Suid-Afrikaanse Spoorweë of ander persoon wat die goedere in bewaring het, dit onverwyld by die Staatspakhuis of 'n ander plek deur die Kontroleur goedgekeur, aflever.

3.13.05. Enigeen wat goedere onder waarborg na 'n plek in die Republiek vervoer, moet die goedere per adres van die Kontroleur van Doeane en Aksyns by daardie plek versend en moet op die vragbrief op opvallende wyse, die woorde "onder waarborg" aanbring. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë of ander karweier moet sy beampes of agente by die plek van bestemming in kennis stel dat die goedere onder waarborg is, en mag nie die goedere sonder die skriftelike magtiging van die Kontroleur aflever nie.

3.13.06. Behoudens die bepalings van regulasie 3.13.07, kan die Sekretaris, in die geval van goedere in transito deur die Republiek van enige ander gebied in Afrika per lug of per spoor na enige bestemming buite die Republiek, toelaat dat die onderhawige goedere vir verwydering geklaar word, in die geval van goedere per lug vervoer, by die plek waar die goedere eerste in die Republiek geland word of, in die geval van goedere per spoor vervoer, by die plek waar die goedere uit die Republiek uitgevoer word, mits die reg op enige tekort onverwyld betaal word. Niemand mag toelaat dat sodanige goedere van sodanige lughawe of plek verder vervoer of uitgevoer word totdat sodanige goedere behoorlik vir vervoer onder waarborg geklaar is en die Kontroleur by dié betrokke plek skriftelike magtiging vir sodanige vervoer of uitvoer verleen het nie.

3.13.07. Goedere in transito oor land deur die Republiek van enige ander gebied in Afrika of behalwe per lug of spoor moet vir vervoer onder waarborg by die plek waar dit die Republiek binnekomm, geklaar word, maar indien sodanige goedere van Lourenco Marques af verwyder word, moet sodanige klaring by die kantoor van die Suid-Afrikaanse Konsul (Doeane) te Lourenco Marques gedoen word of indien per pad vervoer, kan sodanige klaring by die kantoor van die Kontroleur by Komatiopoort gedoen word.

3.13.08. Behalwe met die toestemming van die Sekretaris moet goedere in transito deur die Republiek na 'n bestemming buite die Republiek onmiddellik uitgevoer word en indien uitvoer nie onmiddellik kan geskied nie, moet sodanige goedere in 'n gelisensieerde doeane-en-aksynspakhuis opgeslaan word nadat dit vir opslag geklaar is.

3.12.05. Any goods not being cargo reported in terms of section 7 which have been imported or exported or removed from customs and excise control or in respect of which an attempt at importing, exporting or removal has been made without a valid declaration shall be treated as goods imported, exported or removed without due entry thereof.

Removal of goods in bond

3.13.01. All goods removed in bond under the provisions of section 18 (1) shall be entered for removal on a bill of entry for removal in bond (form DA 14 or 15), but the Secretary may, in respect of such class or kind of goods as he may decide, accept such other form of entry as he may approve on such conditions as he may impose.

3.13.02. Subject to the provisions of regulations 3.13.06 and 3.13.07 no goods shall be removed in bond until the remover has been authorized by the Controller on a landing, delivery and forwarding order or other document to remove such goods.

3.13.03. Goods may be removed in bond within the Republic only to a place appointed as a place of entry or, in circumstances which the Secretary considers to be exceptional to any railway station or siding, or any premises or warehouse within the area of control of the Controller at that place or, in the case of excisable goods, to a licensed customs and excise warehouse if such goods are intended for warehousing in such customs and excise warehouse: Provided that sales duty goods manufactured in the Republic may be removed in bond only to a place appointed as a place of entry and only for rewarehousing at that place.

3.13.04. Except where otherwise provided in these regulations, the consignee of goods removed in bond to a place in the Republic shall not take delivery of such goods or cause them to be warehoused or exported at the place of destination until he has duly entered the goods at the customs and excise office at that place, for consumption, warehousing or export, and has obtained the written authority of the Controller for such delivery, warehousing or export. The said consignee shall also submit to the Controller all such invoices and documents relating to the goods as he may require as well as a numbered and date-stamped copy of the relative bill of entry for removal in bond. If entry of the goods at the place of destination is not made within 7 days of the arrival of the goods at that place, or within such further period as the Controller may allow, the remover or the South African Railways or other person having custody of the goods shall forthwith deliver them to the State warehouse or other place approved by the Controller.

3.13.05. Any person removing goods in bond to a place in the Republic shall consign the goods to the care of the Controller of Customs and Excise at that place and shall conspicuously mark the consignment note with the words "in bond". The South African Railways or other carrier shall advise its officials or agents at the place of destination that the goods are in bond and shall not deliver the goods without the written authority of the Controller.

3.13.06. Subject to the provisions of regulation 3.13.07, the Secretary may, in the case of goods in transit through the Republic from any other territory in Africa by air or rail to any destination outside the Republic, allow the goods in question to be entered for removal, in the case of goods removed by air, at the place where the goods are first landed in the Republic, or in the case of goods removed by rail, at the place where the goods are exported from the Republic provided the duty on any deficiency is paid forthwith. No person shall allow such goods to be carried forward or exported from such airport or place until such goods have been duly entered for removal in bond and the Controller at the place in question has granted written authority for such carriage or export.

3.13.07. Goods in transit overland through the Republic from any other territory in Africa other than by air or rail shall be entered for removal in bond at the place where they enter the Republic, but if such goods are removed from Lourenco Marques such entry shall be made at the office of the South African Consul (Customs), Lourenco Marques, or if removed by road, such entry may be made at the office of the Controller at Komatipoort.

3.13.08. Except with the permission of the Secretary, goods in transit through the Republic to a destination outside the Republic shall be exported immediately and if export cannot take place immediately such goods shall be warehoused in a licensed customs and excise warehouse after entry for warehousing.

3.13.09. Beesvleis of ander vleis en sodanige ander goedere waarop die Sekretaris besluit, in transito per spoor deur die Republiek na 'n bestemming buite die Republiek, moet in verseêlede trokke regstreeks van die afsendingstasie na die plek van uitvoer in die Republiek vervoer word, en sodanige seëls mag nie gebreek word nie behalwe met die toestemming van die Kontroleur by daardie plek. Sodanige goedere wat op enige ander wyse vervoer word, is onderworpe aan sodanige voorwaardes wat die Sekretaris ople.

3.13.10. Wanneer goedere onder waarsborg van 'n plek in die Republiek na 'n ander plek in die Republiek oor Lourenco Marques vervoer word moet die vervoerder sodanige goedere op 'n klaringsbrief vir vervoer onder waarsborg (vorm DA 14 of 15) klaar en moet hy, in die geval van goedere wat die Republiek weer by 'n kushawe binnekomm, 'n afskrif van sodanige klaringsbrief aan die Kontroleur by daardie hawe voorlê. In die geval van goedere wat oor land oor Lourenco Marques weer die Republiek binnekomm, moet 'n afskrif van sodanige klaringsbrief aan die Suid-Afrikaanse Konsul (Doeane) te Lourenco Marques gestuur word.

3.13.11. Goedere wat na 'n doeane-en-aksynspakhuis vir vervaardigingsdoeleindes onder waarsborg vervoer is, of vir opslag in sodanige pakhuis, moet op 'n klaringsbrief vir opslag of heropslag (vorm DA 12 of 13) geklaar word, maar goedere wat onder waarsborg na 'n klaringsplek vir enige ander doeleindes vervoer is, kan behoorlik vir sodanige doeleindes geklaar word al is dit na sodanige plek van 'n doeane-en-aksynspakhuis ooreenkomsdig artikel 20 (4) (c) vervoer.

3.13.12. Die volgende besonderhede moet op 'n klaringsbrief vir regstreekse vervoer onder waarsborg (vorm DA 14) verstrek word—

- (a) in die geval van goedere onder waarsborg na 'n plek buite die Republiek vervoer, volle besonderhede soos in ooreenstemming met die klaringsbriefvorm vereis word;
- (b) in die geval van goedere wat uit 'n skip, vliegtuig of ander voertuig geland is by 'n plek waarheen dit nie versend is nie en wat deur die gesagvoerder,loods of ander karweier onder waarsborg vervoer word na die plek waarheen dit in die eerste plek versend is, volle besonderhede soos in ooreenstemming met manifestvereistes in vorm DA 1 of 2 in regulasie 3.02.01 vermeld, vereis word en sodanige bykomende besonderhede wat aan die gesagvoerder,loods of ander karweier ten opsigte van sodanige goedere beskikbaar is; en
- (c) in ander gevalle, volle besonderhede soos in ooreenstemming met die klaringsbriefvorm vereis word, maar die besonderhede met betrekking tot tariefpos-/item en binnelandse waarde hoef nie verstrek te word nie tensy verstrekking daarvan deur die Sekretaris vereis word.

3.13.13. Fakteure van die leveransier ten opsigte van goedere wat in die omstandighede in regulasie 3.13.12. (a) vir vervoer onder waarsborg geklaar word, moet aan die Kontroleur ten tyde van klaring vir vervoer voorgelê word en fakture van die leveransier, bewysstukke van eiendomsreg en sodanige ander dokumente wat die Kontroleur vereis, moet aan die Kontroleur voorgelê word ten tyde van behoorlike klaring by die plek van bestemming ten opsigte van goedere wat in die omstandighede in regulasie 3.13.12 (b) of (c) vermeld, vervoer word.

3.13.14. Indien goedere wat by die plek van invoer vir opslag geklaar is, vir onmiddellike vervoer onder waarsborg van daardie plek af nodig is voordat dit in die pakhuis geplaas is, kan dit behandel en vir vervoer geklaar word asof dit aldus daarin geplaas was.

3.13.15. Indien die finale bestemming van enige goedere 'n ander plek is as die klaringsplek waarheen sodanige goedere onder waarsborg vervoer is, mag niemand sodanige goedere verwijder of sodanige goedere van sodanige klaringsplek af laat verwijder nie totdat sodanige goedere behoorlik geklaar is en die Kontroleur 'n skriftelike magtiging vir aflewering daarvan verleen het en indien na die finale bestemming sonder sodanige skriftelike magtiging gestuur, moet sodanige goedere, indien die Kontroleur dit verlang, op koste van die karweier of ander persoon wat die goedere die Republiek binnegebring het of wat die goedere sonder sodanige skriftelike magtiging verwijder het, teruggestuur word na sodanige klaringsplek of na sodanige ander plek waarop die Kontroleur besluit.

HOOFSTUK IV

DOEANE-EN-AKSYNSPAKHUISE: OPSLAG EN VERAARDIGING VAN GOEDERE IN DOEANE-EN-AKSYNSPAKHUISE

Goedkeuring van doeane-en-aksynspakhuisse

4.01.01. Doeane-en-aksynspakhuisse (uitgesonderd spesiale doeane-en-aksynsvervaardigingspakhuisse) word gelisensieer slegs op plekke wat kragtens artikel 6 deur die Sekretaris aangewys is en op aansoek op 'n vorm deur hom goedgekeur.

3.13.09. Beef or other meat and such other goods as the Secretary may decide, in transit by rail through the Republic to a destination outside the Republic shall be carried in sealed trucks direct from the sending station to the place of export in the Republic and such seals shall not be broken except with the permission of the Controller at that place. Such goods carried by any other means shall be subject to such conditions as the Secretary may impose.

3.13.10. When goods are removed in bond from a place in the Republic to another place in the Republic via Lourenco Marques the removor shall enter such goods on a bill of entry for removal in bond (form DA 14 or 15) and shall, in the case of goods re-entering the Republic at a coastal port, produce a copy of such bill of entry to the Controller at that port. In the case of goods re-entering the Republic overland via Lourenco Marques, the copy of such bill of entry shall be forwarded to the South African Consul (Customs) at Lourenco Marques.

3.13.11. Goods removed in bond to a customs and excise warehouse for manufacturing purposes or for storage in such warehouse shall be entered on a bill of entry for warehousing or rewarehousing (form DA 12 or 13) but goods removed in bond to a place of entry for any other purpose may be duly entered for such purpose even if removed to such place from a customs and excise warehouse in terms of section 20 (4) (c).

3.13.12. The following particulars shall be reflected on a bill of entry for direct removal in bond (form DA 14)—

- (a) in the case of goods removed in bond to a place outside the Republic, full particulars as required in accordance with the bill of entry form;
- (b) in the case of goods which have been landed from a ship, aircraft or other vehicle at a place to which they were not consigned and are removed in bond by the master, pilot or other carrier to the place to which they were consigned in the first place, full particulars as required in accordance with manifest requirements in form DA 1 or 2 referred to in regulation 3.02.01 and such additional particulars as are available to such master, pilot or other carrier in respect of such goods; and
- (c) in other cases, full particulars as required in accordance with the bill of entry form, but the particulars relating to tariff heading/item and domestic value need not be furnished unless required to be furnished by the Secretary.

3.13.13. Suppliers' invoices in respect of goods entered for removal in bond in the circumstances stated in regulation 3.13.12 (a) shall be produced to the Controller at the time of entry for removal, and suppliers' invoices, documents of title and such other documents as may be required by the Controller shall be produced to the Controller at the time of due entry at the place of destination in respect of goods removed in the circumstances referred to in regulation 3.13.12 (b) or (c).

3.13.14. If goods which have been entered for warehousing at the place of importation are required for immediate removal in bond from that place before they have been deposited in the warehouse, they may be treated and entered for removal as if they had been so deposited.

3.13.15. If the final destination of any goods is a place other than the place of entry to which such goods have been removed in bond, no person shall remove such goods or cause such goods to be removed from such place of entry until such goods have been duly entered and the Controller has granted written authority for delivery thereof and if forwarded to the final destination without such written authority, such goods shall, if the Controller so requires, be returned at the expense of the carrier or other person who brought the goods into the Republic or who removed the goods without such written authority, to such place of entry or to such other place as the Controller may decide.

CHAPTER IV

CUSTOMS AND EXCISE WAREHOUSES: STORAGE AND MANUFACTURE OF GOODS IN CUSTOMS AND EXCISE WAREHOUSES

Approval of customs and excise warehouses

4.01.01. Customs and excise warehouses (excluding special customs and excise manufacturing warehouses) shall be licensed only at places appointed by the Secretary in terms of section 6 and on application on a form approved by him.

4.01.02. Die aansoekvorm moet in alle besonderhede ingevul word en moet vergesel wees van die planne, beskrywing van die pakhuis of ander besonderhede wat die Sekretaris vereis.

4.01.03. 'n Licensie vir 'n doeane-en-aksynspakhuis kan uitgereik word ten opsigte van enige persele, pakkamer, vaste bevatter, vaste tenk, werf of ander plek wat aan die vereistes wat die Sekretaris in elke geval ople in verband met konstruksie, ligging, toegang, veiligheid of enige ander voorwaarde wat hy nodig ag, voldoen.

4.01.04. Verskillende persele, pakkamers, bevatters, tenks, werwe of ander piekke op 'n enkele standplaas, of op meer as een standplaas deur die Sekretaris goedgekeur, kan as 'n enkele doeane-en-aksynsopslagpakhuis, 'n enkele doeane-en-aksynsvervaardigingspakhuis of 'n enkele spesiale doeane-en-aksynspakhuis vir doeleindes van verkoopreg in die naam van een licensiehouer gelisensieer word.

4.01.05. Behoudens die voorwaardes wat in regulasie 4.01.03 vermeld word, kan afsonderlike doeane-en-aksynspakhuse op dieselfde standplaas in die name van verskillende persone gelisensieer word.

4.01.06. Die Sekretaris kan 'n doeane-en-aksynspakhuis vir die opslag of vervaardiging van enige besondere kommoditeit of artikel of enige klas of soort kommoditeit of artikel licensieer en sodanige pakhuis mag nie vir enige ander doel gebruik word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Sekretaris.

4.01.07. Indien die sekerheid vir die reg te eniger tyd na die mening van die Kontroleur met betrekking tot 'n doeane-en-aksynspakhuis waarin goedere opgeslaan is, nie voldoende is nie, kan hy op risiko en koste van die licensiehouer van sodanige pakhuis en die eienaar van sodanige goedere, daardie goedere onmiddellik laat verwyder en in 'n ander doeane-en-aksynspakhuis of ander plek deur hom goedgekeur, laat plaas. Anders kan die bedoelde licensiehouer of eienaar dadelik die reg op die goedere betaal.

4.01.08. Die licensiehouer van 'n doeane-en-aksynspakhuis moet by die pakhuis, op 'n plek wat vir die Kontroleur toeganklik is, 'n rekord hou in 'n vorm wat deur die Sekretaris goedgekeur is van al die ontvangste in en aflewering of verwyderings uit die pakhuis van goedere wat nie kragtens artikel 20 (3) van klarings vrygestel is nie, met sodanige besonderhede wat dit moontlik sal maak om al die ontvangste en aflewering of verwyderings met die opgeslaande goedere te identifiseer en met duidelike verwysings na die betrokke klaringsbriewe wat in verband daar mee aangeneem is.

4.01.09. Die licensiehouer van 'n doeane-en-aksynspakhuis moet op 'n opvallende plek in die pakhuis 'n uittreksel van die betrokke regulasies in Hoofstuk IV hiervan vertoon.

4.01.10. Geen goedere geklaar vir opslag of vervaardig in 'n doeane-en-aksynspakhuis (behalwe spiritus of wyn in die proses van veroudering of weking in 'n doeane-en-aksynsvervaardigingspakhuis) mag in doeane-en-aksynspakhuse vir 'n totale tydperk van meer as 5 jaar van eerste opslag af gehou word nie, maar die Sekretaris kan, in buitengewone omstandighede en op die voorwaardes wat hy in elke geval ople, toelaat dat sodanige goedere vir handelsdoeleindes bestem vir 'n verdere tydperk wat nie 1 jaar oorskry nie, aldus gehou word en dat sodanige ander goedere waarop hy besluit vir sodanige verdere tydperk wat hy neerië, aldus gehou word.

4.01.11. Enige vaste bevatter, tenk, opvanghouer, vat of ander houer wat as 'n doeane-en-aksynspakhuis gelisensieer is of in 'n doeane-en-aksynspakhuis vir die opslag of vervaardiging van enige goedere ingeval Hoofstuk IV van die Wet gebruik word, moet gemaat word op 'n wyse wat deur die Sekretaris goedgekeur is, en enige toebehoersel, meter, ykmaat of inhoudswyser wat nodig is om die hoeveelheid van enige goedere wat in sodanige bevatter, tenk, opvanghouer, vat of ander houer aanwesig is, vas te stel, moet deur die licensiehouer op sy koste voorsien en aangebring word.

4.01.12. Die licensiehouer van 'n doeane-en-aksynspakhuis moet die Kontroleur onmiddellik of vooraf in kennis stel van enige verandering of voorgenome verandering van watter aard ook al in sy regspersoonlikheid, naam of adres van sy besigheid of goedere wat hy vervaardig.

Goedere opgeslaan of vir opslag in 'n doeane-en-aksynspakhuis

4.02.01. Behoudens die bepalings van regulasie 4.02.02, moet goedere wat vir opslag in 'n doeane-en-aksynspakhuis geklaar is onmiddellik na klarings na die pakhuis vervoer en daarin opgeslaan word. Alle goedere wat vir opslag geklaar is moet siegs deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë of 'n persoon wat sodanige sekerheid gestel het wat die Sekretaris kragtens artikel 99 kan vereis, na die pakhuis vervoer word.

4.01.02. The application form shall be completed in all details and shall be accompanied by such plans, description of the warehouse or other particulars as the Secretary may require.

4.01.03. A licence for a customs and excise warehouse may be issued in respect of any premises, store, fixed vessel, fixed tank, yard or other place which complies with such conditions as the Secretary may impose in each case in regard to construction, situation, access, security or any other condition he considers necessary.

4.01.04. Different premises, stores, vessels, tanks, yards or other places on a single site, or on more than one site approved by the Secretary, may be licensed as a single customs and excise storage warehouse, a single customs and excise manufacturing warehouse or a single special customs and excise warehouse for the purpose of sales duty in the name of one licensee.

4.01.05. Separate customs and excise warehouses on the same site may be licensed in the names of different persons subject to the conditions referred to in regulation 4.01.03.

4.01.06. The Secretary may license a customs and excise warehouse for the storage or manufacture of any particular commodity or article or any class or kind of commodity or article and such warehouse shall not be used for any other purpose, except with the written permission of the Secretary.

4.01.07. If the security for the duty is at any time in the opinion of the Controller not sufficient in regard to any customs and excise warehouse in which goods are deposited, he may at the risk and expense of the licensee of such warehouse and the owner of such goods cause them to be immediately removed and deposited in another customs and excise warehouse or other place approved by him. Alternatively, the said licensee or owner may forthwith pay the duty on the goods.

4.01.08. The licensee of a customs and excise warehouse shall keep at the warehouse, in a place accessible to the Controller, a record in a form approved by the Secretary of all receipts into and deliveries or removals from the warehouse of goods not exempted from entry in terms of section 20 (3), with such particulars as will make it possible for all such receipts and deliveries or removals to be readily identified with the goods warehoused, and with clear references to the relative bills of entry passed in connection therewith.

4.01.09. The licensee of a customs and excise warehouse shall display in a prominent position in the warehouse an extract of the relative regulations in Chapter IV hereof.

4.01.10. No goods entered for storage or manufactured in a customs and excise warehouse (except spirits or wine in the process of maturation or maceration in a customs and excise manufacturing warehouse) shall be retained in customs and excise warehouses for a total period of more than 5 years from when the goods were first entered for warehousing but the Secretary may, in exceptional circumstances and on such conditions as he may impose in each case, allow such goods intended for trade purposes to be so retained for a further period not exceeding 1 year and such other goods as he may decide to be retained for such further period as he may specify.

4.01.11. Any fixed vessel, tank, receiver, vat or other container licensed as a customs and excise warehouse or used in a customs and excise warehouse for the storage or manufacture of any goods in terms of Chapter IV of the Act shall be gauged in a manner approved by the Secretary and any fitting, meter, gauge or indicator necessary for ascertaining the quantity of any goods contained in such vessel, tank, receiver, vat or other container shall be supplied and fitted by the licensee at his expense.

4.01.12. The licensee of a customs and excise warehouse shall notify the Controller immediately of, or prior to, any change, or contemplated change, no matter of what nature, in his legal identity, name or address of his business or goods manufactured by him.

Goods deposited or to be deposited in a customs and excise warehouse

- 410.03.02 Toelating van enige goedere vermeld teenoor tariefposte 34.02 en 38.06 in item 410.03 met korting op reg is onderworpe aan 'n verklaring deur die invoerder/eienaar op of geheg aan die betrokke klaringsbrief dat sodanige goedere nie sonder die toestemming van die Sekretaris gebruik of van die hand gesit sal word vir enige doel nie teenoor die bedoelde tariefposte vermeld nie.
- 410.03.03 Toelating van enige goedere vermeld teenoor tariefpos 44.21 in item 410.03 met korting op reg is onderworpe aan 'n verklaring deur die invoerder/eienaar op of geheg aan die betrokke klaringsbrief dat sodanige goedere nie sonder die toestemming van die Sekretaris gebruik of van die hand gesit sal word vir enige doel nie teenoor die bedoelde tariefpos vermeld nie.
- 410.03.04 Toelating van enige goedere vermeld in paragraaf (1) van item 410.03 met korting op reg is onderworpe aan die bepalings van regulasies 10.01.01 tot 10.07.04.
- 410.04.01 Lig- en verhittingskeroseen en kragkeroseen word met korting op reg in die mate in paragrawe (1) en (2), onderskeidelik, van tariefpos 27.10 met betrekking tot keroseen in item 410.04 vermeld, toegelaat, onderworpe aan die volgende voorwaarde—
(a) Die invoerder moet op of geheg aan die betrokke klaringsbrief 'n verklaring maak dat die lig- of verhittingskeroseen uitsluitlik as brandstof in lampe of stowe vir verligting of verhitting gebruik sal word of dat die kragkeroseen uitsluitlik as brandstof in vonkpropontstekking-suierenjins in trekkers, wat vir landboudoeleindes (met inbegrip van bosbou-) gebruik word, en in vaste vonkpropontstekking-suierenjins gebruik sal word;
(b) die invoerder moet insgelyks 'n skriftelike verbintenis voorlê dat, indien sodanige keroseen gebruik, verkoop of van die hand gesit word as brandstof vir doeleinades van padvervoer (wat nie openbare passasiervervoerdienste of padvervoer vir landboudoeleindes, met inbegrip van bosboudoeleindes is nie) of vir vermenging met ander mineraalolieprodukte of ander goedere, die volle reg waarvoor in tariefpos 27.10.30 en in tariefitem 105.10.20 voorsiening gemaak is, aan die Sekretaris ten opsigte van sodanige keroseen betaal sal word, en indien sodanige keroseen gebruik, verkoop of van die hand gesit word vir enige ander doeleinades as sodanige padvervoer of sodanige vermenging of die doeleinades in paragrawe (1) en (2) van tariefpos 27.10 met betrekking tot keroseen in item 410.04 vermeld, sal die ongekorte deelte van die reg soos in paragraaf (4) van tariefpos 27.10 met betrekking tot keroseen in item 410.04 vermeld ten opsigte van sodanige keroseen aan die Sekretaris betaal word;
(c) elke kas, konka, blik of ander houer waarin kragkeroseen vir gebruik in die Republiek verkoop of van die hand gesit word, moet duidelik en onuitwisbaar gemerk word "KAGKEROSEEN—mag nie in lampe of stowe gebruik word nie—GEVAARLIK: POWER KEROSENE—not to be used in lamps or stoves—DANGEROUS", en die ontvlammingspunt in grade Celsius (geslote toets by seespieël) moet daarbenewens ook in syfers daarop aangegeven word;
(d) kragkeroseen moet blywend groen gekleur word om 'n lesing van nie minder nie as 3,6 op die geel skaal en 4,0 op die blou skaal van die Lovibond-kleurmeter te gee wanneer 'n 50 mm-sel gebruik word; en
(e) wanneer dit in kaste, konkas, blikke of ander houers ingevoer word moet kragkeroseen behoorlik gekleur word voordat vrylating van die departement verkry word, en wanneer dit onverpak ingevoer word, moet dit voor of gedurende ontlading uit die skip of voertuig wat dit na die Republiek bring, behoorlik gekleur word.
- 410.04.02 (a) Toelating met korting op reg van vliegtuigkeroseen vermeld in paragraaf (3) van tariefpos 27.10 met betrekking tot keroseen in item 410.04 vermeld is onderworpe aan die bepalings van regulasies 10.01.01 tot 10.07.04.
(b) Klaring van keroseen kragtens die bepalings van paragraaf (4) van tariefpos 27.10 met betrekking tot keroseen in item 410.04 vermeld is onderworpe aan die bepalings van regulasie 410.04.04 en vir daardie doel word enige verwysing na distillaatbrandstowwe en residu-brandolies geag 'n verwysing na keroseen in te sluit.
- 410.04.03 (a) Enige distillaatbrandstowwe en residu-brandolies moet geklaar word kragtens die bepalings van paragraaf (1) van tariefpos 27.10 met betrekking tot sodanige olies in item 410.04 vermeld op 'n klaringsbrief vir binneelandse verbruik kragtens Bylae No. 4 of 6 (ex pakhuis) indien dit regstreeks ex pakhuis aan kusvaarders verskaf word maar die bepalings van regulasies 10.01.01 tot 10.07.04 is *mutatis mutandis* van toepassing indien sodanige olies aldus geklaar word deur enige persoon vir verskaffing aan walvisbote, treilers en ander diespreevisvangbote wat in die Republiek geregistreer is (uitgesonderd sodanige vaartuie vir plesier gebruik).
(b) Niemand mag, sonder die skriftelike toestemming van die Kontroleur en onderworpe aan die voorwaardes wat hy op gele, by enige plek in die Republiek enige olie verskeep onder die bedoelde voorwaardes, aflaai nie.
(c) Die geregistreerde leveransier van enige olie kragtens die bepalings van hierdie regulasie moet van die gesagvoerder of eienaar van die skip waarop sodanige olie verskeep is, 'n erkenning van ontvangs en verbintenis in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur, verkry.
- 410.04.04 (a) Behalwe soos deur die Sekretaris toegelaat word, is niemand daarop geregtig om distillaatbrandstowwe (byvoorbeeld gasolie en dieselloolie) of residu-brandolies (brandolies) met korting op reg kragtens die bepalings van paragraaf (2) van tariefpos 27.10 met betrekking tot sodanige olies in item 410.04 te verkry nie, tensy hy ten tyde van die aankoop of aflewering van sodanige olie, 'n verklaring in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur aan die leveransier daarvan verstrek en geen leveransier of herverkoper mag olie toelaatbaar met korting op reg ingevolge bedoelde paragraaf, verskaf of verkoop tensy die persoon aan wie sodanige olie verskaf of verkoop word die bepalings van hierdie paragraaf nagekom het nie.
(b) Die leveransier of herverkoper moet sodanige boeke en dokumente met betrekking tot sodanige verskaffing hou as die Sekretaris verlang en die bedoelde boeke en dokumente moet te alle redelike tye vir inspeksie deur die Kontroleur beskikbaar wees.

- 410.03.01** The provisions of item 410.03 (tariff heading 22.03) shall not apply unless the beer entered under such item is mixed with beer manufactured in the Republic in a licensed customs and excise manufacturing warehouse in terms of the provisions of Chapter IV of the Act.
- 410.03.02** Admission under rebate of duty of any goods specified against tariff headings 34.02 and 38.06 under item 410.03 shall be subject to a declaration by the importer/owner on or attached to the bill of entry in question that such goods will not be used or disposed of for any purpose not specified against the said tariff headings without the permission of the Secretary.
- 410.03.03** Admission under rebate of duty of any goods specified against tariff heading 44.21 under item 410.03 shall be subject to a declaration by the importer/owner on or attached to the bill of entry in question that such goods will not be used or disposed of for any purpose not specified against the said tariff heading without the permission of the Secretary.
- 410.03.04** Admission under rebate of duty of any goods specified in paragraph (I) of item 410.03 shall be subject to the provisions of regulations 10.01.01 to 10.07.04.
- 410.04.01** Illuminating and heating kerosene and power kerosene shall be admitted under rebate of duty to the extent stated in paragraphs (1) and (2) respectively of tariff heading 27.10 relating to kerosene in item 410.04 subject to the following conditions—
- the importer shall make on or attach to the relative bill of entry a declaration that the illuminating or heating kerosene is to be used solely as fuel in lamps or stoves for illuminating or heating or that the power kerosene is to be used solely as fuel in spark ignition piston engines in tractors used for agricultural (including forestry) purposes and in stationary spark ignition piston engines;
 - the importer shall likewise furnish a written undertaking that if any such kerosene is used, sold or disposed of as fuel for purposes of road transport (not being public passenger bus transport services or road transport for agricultural, including forestry, purposes) or for mixing with other mineral oil products or other goods the full duty provided for in tariff heading 27.10.30 and in tariff item 105.10.20 will be paid to the Secretary in respect of such kerosene, and if any such kerosene is used, sold or disposed of for any purposes other than such road transport or such mixing or those specified in paragraphs (1) and (2) of tariff heading 27.10 relating to kerosene in item 410.04 the unrebated portion of the duty as specified in paragraph (4) of tariff heading 27.10 relating to kerosene in item 410.04 will be paid to the Secretary in respect of such kerosene;
 - every case, drum, tin or other container in which power kerosene is sold or disposed of for consumption in the Republic shall be conspicuously and indelibly marked "POWER KEROSENE—not to be used in lamps or stoves—DANGEROUS: KRAKKEROSEEN—mag nie in lampe of stove gebruik word nie—GEVAARLIK", and the flash point in degrees Celsius (closed test at sea-level) shall in addition also be indicated thereon in figures;
 - power kerosene shall be coloured a permanent shade of green giving a reading of not less than 3;6 on the yellow scale and 4;0 on the blue scale of the Lovibond tintometer when a 50 mm cell is used; and
 - when imported into the Republic in cases, drums, tins or other containers, power kerosene shall be properly coloured before release is obtained from the department, and when imported unpacked, it shall be properly coloured before or during discharge from the ship or vehicle bringing it to the Republic.
- 410.04.02** (a) Admission under rebate of duty of aviation kerosene specified in paragraph (3) of tariff heading 27.10 relating to kerosene mentioned in item 410.04 shall be subject to the provisions of regulations 10.01.01 to 10.07.04.
- (b) Clearance of kerosene under the provisions of paragraph (4) of tariff heading 27.10 relating to kerosene mentioned in item 410.04 shall be subject to the provisions of regulation 410.04.04 and for that purpose any reference to distillate fuels and residual fuel oil shall be deemed to include a reference to kerosene.
- 410.04.03** (a) Any distillate fuels and residual fuel oils shall be entered under the provisions of paragraph (1) of tariff heading 27.10 relating to such oils mentioned in item 410.04 on a bill of entry for home consumption under Schedule No. 4 or 6 (ex warehouse) if supplied direct ex warehouse to coasting ships but the provisions of regulations 10.01.01 to 10.07.04 shall mutatis mutandis apply if such oils are so entered by any person for supply to whalers, trawlers and other ocean-going fishing boats registered in the Republic (excluding such vessels used for pleasure).
- (b) No person shall, without the written permission of the Controller and subject to such conditions as he may impose, land at any place in the Republic any oil shipped under the said provisions.
- (c) The registered supplier of any oil under the provisions of this regulation shall obtain from the master or owner of the ship on which such oil is shipped an acknowledgement of receipt and undertaking in a form approved by the Secretary.
- 410.04.04** (a) Except as may be permitted by the Secretary no person shall be entitled to be supplied with distillate fuels (for example, gas oil and diesel oil) or residual fuel oils (furnace oils) under rebate of duty under the provisions of paragraph (2) of tariff heading 27.10 relating to such oils in item 410.04, unless, at the time of purchase or delivery of such oil, he furnishes the supplier thereof with a declaration in a form approved by the Secretary and no supplier or re-seller shall supply or sell oil admissible under rebate of duty in terms of the said paragraph unless the person to whom such oil is supplied or sold, has complied with the provisions of this paragraph.
- (b) The supplier or re-seller shall keep such books and documents relating to such supply as the Secretary may require, and the said books and documents shall at all reasonable times be available for inspection by the Controller.

- (c) Die eindverbruiker van enige goedere met korting op reg verkry kragtens die bepalings waarop hierdie regulasie betrekking het moet alle fakture en kwitansies met betrekking tot die aankoop van sodanige goedere beskikbaar hou vir 'n minimum tydperk van twee jaar van die datum van aankoop af vir inspeksie te eniger tyd deur die Kontroleur.

Item 411.00.

- 411.00.01 (a) Toelating van enige goedere vermeld in item 411.00 met korting op reg is, waarvan toepassing, onderworpe aan verstreking van 'n skriftelike verklaring deur die invoerder op of geheg aan die klaringsbrief ten opsigte van sodanige goedere, dat dit slegs vir die doeleindes vermeld, gebruik sal word en nie sonder die toestemming van die Sekretaris vir enige ander doel gebruik of van die hand gesit sal word nie.
(b) Toelating van enige voormalde goedere is verder onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris ople deur inbegrip van voldoening aan enige regulasie in Hoofstuk IV hiervan.

Item 412.00.

- 412.01.01 Ten opsigte van goedere kragtens item 412.01 geklaar, moet die betrokke klaringsbrief 'n verklaring bevat of vergesel wees van 'n verklaring, onderteken deur die hoof van 'n Staatsdepartement dat—
(a) die betrokke goedere uitsluitlik vir proefnemingdoeleindes ingevoer word;
(b) die invoerder gemagtig is om sodanige proefnemings, wat omskryf moet word, te doen;
(c) sodanige proefnemings in die openbare belang is en onder beheer of toesig van voormalde departement gedoen sal word; en
die betrokke klaringsbrief moet ook 'n verklaring bevat of vergesel wees van 'n verklaring deur die invoerder dat die goedere aldus met korting toegelaat uitsluitlik vir proefnemingdoeleindes gebruik sal word, asook 'n skriftelike verbintenis deur hom dat indien die goedere of enige gedeelte daarvan vir enige ander doel verkoop, gebruik of van die hand gesit word, die reg verskuldig daarop onmiddellik aan die Sekretaris betaal sal word.
- 412.03.01 Toelating van enige goedere kragtens die bepalings van item 412.03 is onderworpe aan 'n skriftelike verklaring deur die invoerder op of geheg aan die betrokke klaringsbrief, van die omstandighede en besonderhede van die bemaking en dat die goedere vir die invoerder se eie gebruik is en nie vir verkoop nie en voorlegging aan die Kontroleur van die bewyse met betrekking tot sodanige bemaking wat die Kontroleur verlang.
- 412.04.01 Die bepalings van regulasie 412.03.01 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige goedere kragtens die bepalings van item 412.04 geklaar.
- 412.07.01 Enige aanbod om enige goedere aan die departement prys te gee of aansoek om enige goedere te vernietig kragtens die bepalings van item 412.07 is aan die volgende voorwaardes onderworpe—
(a) dit moet skriftelik deur of namens die eienaar van die goedere gemaak word en moet die departement teen enige eis van enige ander persoon vrywaar;
(b) dit moet onvoorwaardelik wees;
(c) dit moet die volle identifikasiebesonderhede en beskrywing van die betrokke goedere aantoon;
(d) dit moet die rede vir prysgawe of die rede waarom vernietiging en nie prysgawe aangevra is nie, vermeld;
(e) dit moet volle besonderhede van die plek van klaring en die nommer en datum van die opslag- of ander klaringsbrief ten opsigte van die betrokke goedere vermeld;
(f) dit moet van die fakture en ander dokumente in verband met die invoer van sodanige goedere vergesel wees;
(g) die eienaar is verantwoordelik vir die koste van opslag in en verwydering na die Staatspakhuis of enige bewaringsplek deur die Sekretaris aangewys sowel as vir enige ander koste insluitende koste van vernietiging, indien enige: Met dien verstande dat daar nie op verwydering aangedring hoef te word nie; en
(h) dit moet onder die toesig van 'n beampete vernietig word indien vernietiging deur die Sekretaris gemagtig word.
- 412.07.02 By die toepassing van item 412.07 word goedere ten opsigte waarvan sekerheid van die verskuldigde reg aan die departement verskaf is, geag nog onder die departement se beheer te wees.
- 412.08.01 Enige verlies ten opsigte waarvan 'n korting op reg kragtens die bepalings van item 412.08 gevise word, moet tot bevriddiging van die Sekretaris bewys word.
- 412.08.02 Enige aansoek om 'n korting op reg kragtens die bepalings van item 412.08 moet aan die Kontroleur op 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur, voorgelê word en moet van die dokumente wat die Sekretaris bepaal, vergesel wees.
- 412.15.01 Toelating met korting op reg van enige goedere vermeld in en ingevolge item 412.15 geklaar, is onderworpe aan 'n verklaring, op of aan die betrokke klaringsbrief geheg, onderteken deur die Hoof van die S.A. Leer of 'n persoon deur hom aangewys, waarin gesertifiseer word dat sodanige goedere vir verkoop is aan en verbruik deur personeel van die Suid-Afrikaanse Weer- of Polisiemag op deur die Sekretaris goedgekeurde plekke, terwyl sodanige personeel diens doen op die grense van die Republiek.
- 412.15.02 Behoorlike rekords wat die aard en hoeveelheid van die goedere wat vir klaring ingevolge item 412.15 bestel is, dié wat werklik ontvang is, dié wat aan die voorposte verskaf is en dié wat voorhande is, aandui, moet gehou word en sodanige rekords moet vir inspeksie deur die Sekretaris beskikbaar wees.
- 412.15.03 'n Maandelikse opgawe, in 'n deur die Sekretaris goedgekeurde vorm, wat die besonderhede kragtens regulasie 412.15.02 voorgeskryf, weergee, moet aan die Sekretaris voorgelê word binne sewe dae na die einde van die maand ten opsigte waarvan die opgawe verstrek word.
- 412.15.04 'n Kwartaallikse sertifikaat, in 'n deur die Sekretaris goedgekeurde vorm en onderteken deur die Hoof van die S.A. Leer of 'n persoon deur hom aangewys, ten efekte dat die goedere wat uit die sentrale voorraaddepot by die voorposte ontvang is in redelike hoeveelhede slegs aan goedgekeurde personeel van die magte verkoop is of nog voorhande is, moet aan die Sekretaris voorgelê word binne sewe dae na die einde van die kwartaal ten opsigte waarvan die sertifikaat verstrek word.

- (c) The end-user of any goods obtained under rebate of duty under the provisions to which this regulation relates shall keep all invoices and receipts relating to purchases of such goods available, for inspection at any time by the Controller, for a minimum period of two years from the date of purchase.

Item 411.00.

- 411.00.01 (a) Admission under rebate of duty of any goods provided for in item 411.00 shall, where applicable, be subject to a written declaration being furnished by the importer on or attached to the bill of entry in respect of such goods that it will be used only for the purposes specified and will not be used or disposed of for any other purpose without the permission of the Secretary.
(b) Admission of any goods as aforesaid shall further be subject to such conditions as the Secretary may impose including compliance with any regulation in Chapter IV hereof.

Item 412.00.

- 412.01.01 In respect of goods entered in terms of item 412.01 the relative bill of entry shall contain a declaration or be accompanied by a declaration, signed by the head of a Government department that—
(a) the goods in question are imported solely for experimental purposes;
(b) the importer has been authorised to conduct such experiments, which shall be specified;
(c) such experiments are in the public interest and will be carried out under the control or supervision of the aforesaid department; and
the relative bill of entry shall also contain a declaration, or be accompanied by a declaration by the importer that the goods so admitted under rebate will be used solely for experimental purposes, as well as an undertaking in writing by him that, if the goods or any portion thereof are sold, used or disposed of for any other purpose, the duty due thereon will be paid forthwith to the Secretary.
- 412.03.01 Admission of any goods under the provisions of item 412.03 shall be subject to a written statement of the circumstances and particulars of the bequest and that the goods are for the importer's own use and not for sale being furnished by the importer on or attached to the relative bill of entry and to production to the Controller of such evidence relating to such bequests as the Controller may require.
- 412.04.01 The provisions of regulation 412.03.01 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any goods entered under the provisions of item 412.04.
- 412.07.01 Any offer to abandon any goods to the department or application to destroy any goods under the provisions of item 412.07 shall be subject to the following conditions—
(a) it shall be made in writing by or on behalf of the owner of the goods and shall indemnify the department against any claim by any other person;
(b) it shall be unconditional;
(c) it shall state the full identifying particulars and description of the goods in question;
(d) it shall state the reason for abandonment or the reason why destruction and not abandonment is requested;
(e) it shall furnish full particulars of the place of entry and the number and date of the warehousing or other bill of entry in respect of the goods in question;
(f) it shall be accompanied by the invoices and other documents relating to the importation of such goods;
(g) the owner shall be responsible for the cost of storage in and removal to the State warehouse or any place of security indicated by the Secretary as well as for any other expenses including the cost of destruction, if any: Provided that removal need not be insisted upon; and
(h) it shall be destroyed under the supervision of an officer if destruction is authorised by the Secretary.
- 412.07.02 For the purposes of item 412.07 goods in respect of which security of the duty due has been furnished to the department are to be taken to be still under the control of the department.
- 412.08.01 Any loss in respect of which a rebate of duty is claimed under the provisions of item 412.08 shall be proved to the satisfaction of the Secretary.
- 412.08.02 Any application for a rebate of duty under the provisions of item 412.08 shall be submitted to the Controller on a form approved by the Secretary and shall be accompanied by such documents as the Secretary may specify.
- 412.15.01 Admission under rebate of duty of any goods specified in and entered under item 412.15 shall be subject to a declaration, on or attached to the relative bill of entry, signed by the Chief of the S.A. Army or a person designated by him, certifying that such goods are for sale to and consumption by members of the South African Defence or Police Force at places approved by the Secretary, while such members are serving on the borders of the Republic.
- 412.15.02 Proper records reflecting the nature and quantity of all goods ordered for clearance under item 412.15, those actually received, those supplied to frontier posts and those on hand, shall be kept and such records shall be available for inspection by the Secretary.
- 412.15.03 A monthly return, in a form approved by the Secretary, reflecting the particulars prescribed by regulation 412.15.02, shall be submitted to the Secretary within seven days after the end of the month in respect of which the return is rendered.
- 412.15.04 A quarterly certificate, in a form approved by the Secretary and signed by the Chief of the S.A. Army or a person designated by him, to the effect that the goods received at the frontier posts from the central supply depot were sold in reasonable quantities to approved members of the forces only or are still in stock, shall be submitted to the Secretary within seven days from the end of the quarter in respect of which the certificate is rendered.

DEEL 2

TYDELIKE KORTINGS OP DOEANEREGTE

- 460.23.01 Goedere kragtens die bepalings van hierdie item geklaar, mag nie sonder die toestemming van die Sekretaris en betaling aan die Kontroleur van die volle reg daarop aan die leweransier van sodanige goedere in die Republiek teruggestuur word nie en die leweransier van sodanige goedere in die Republiek mag nie enige goedere wat aldus aan hom teruggestuur word, aanvaar voordat sodanige toestemming verkry en sodanige reg betaal is nie of andersins voordat hy sodanige toestemming verkry en sodanige reg betaal.
- 460.23.02 Goedere kragtens die bepalings van hierdie item geklaar mag nie deur die persoon vir wie dit aldus geklaar is, in 'n nuwe of ongebruikte toestand gebruik word of deur hom gehou word vir gebruik vir 'n ander doel as in die item bepaal nie en mag nie deur hom aan 'n ander persoon oorgedra of verkoop of van die hand gesit word sonder die toestemming van die Sekretaris en voordat die volle reg daarop aan die Kontroleur betaal is nie.
- 460.23.03 Goedere kragtens die bepalings van hierdie item geklaar wat deur die persoon vir wie dit aldus geklaar is met die toestemming van die Sekretaris gebruik word of gehou word vir gebruik vir 'n ander doel as in die item bepaal of deur hom aan 'n ander persoon oorgedra of verkoop of van die hand gesit word, na 'n tydperk van gebruik ingevolge die bepalings van die item deur die persoon vir wie dit aldus geklaar is, is onderhewig aan betaling van reg aan die Kontroleur op die ondervermelde grondslag deur die persoon vir wie dit aldus geklaar is en sodanige reg word, vir doeleinades van berekening daarvan, geag ingesluit te wees in enige verkoopprys—
(a) goedere wat vry van reg is—geen reg inbegrepe by die verkoopprys nie;
(b) goedere (nie motorkarre nie) wat aan 'n *ad valorem* skaal van reg onderhewig is—reg teen die toepaslike skaal;
(c) goedere (nie motorkarre nie) wat aan 'n eenheids skaal van reg onderhewig is—een-tiende van die verkoopprys;
(d) goedere (nie motorkarre nie) wat aan 'n *ad valorem* en 'n eenheids skaal van reg of aan 'n *ad valorem* of 'n eenheids skaal van reg onderhewig is—reg teen die toepaslike skaal of een-tiende van die verkoopprys, watter bedrag aan reg ook al die hoogste is; en
(e) motorkarre in tariefpos 87.02.10 ingedeel—een-tiende van die verkoopprys of die volle reg by eerste klaring gekort min 10 persent van sodanige reg vir elke voltooide tydperk van ses maande, watter bedrag aan reg ook al die hoogste is.

DEEL 3

TYDELIKE INVOER VAN GOEDERE MET KORTING OP DOEANEREGTE

Item 490.00.

- 490.00.01 Die tydelike invoer van enige goedere kragtens die bepalings van hierdie item is in elke geval onderworpe aan—
(a) sodanige prosedure;
(b) ondersoek;
(c) merk vir doeleinades van latere uitkenning;
(d) wyse van klaring by invoer en uitvoer;
(e) voorsiening vir waarborg van die verskuldigde reg; en
(f) die ander voorwaardes; wat die Sekretaris ople.
- 490.00.02 Benewens die bepalings van regulasie 490.00.01 is die bepalings van regulasies 522.00.01 tot 522.00.03 *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige goedere kragtens die bepalings van item 490.00 geklaar.
- 490.18.01 Vir die doeleinades van item 490.18 omvat die uitdrukking "houers en ander artikels gebruik as verpakking" alle artikels wat gebruik is of gebruik sal word as verpakking in die toestand waarin dit ingevoer word, in besonder—
(a) dié gebruik of vir gebruik, as buite- of binnebedekkings vir goedere; en
(b) dié waarop goedere opgerol of opgedraai of waaraan dit geheg word of sal word.
- 490.18.02 Die artikels moet so gemerk wees dat dit deur die Kontroleur by invoer en heruitvoer geredelik uitgeken kan word. By heruitvoer moet die invoerdokumente aan die Kontroleur voorgelê word.
- 490.18.03 Die artikels moet deur die invoerder heruitgevoer word.
- 490.18.04 Heruitvoer van die artikels moet binne 'n tydperk van ses maande van die datum van klaring vir invoer geskied of binne sodanige verdere tydperk soos die Sekretaris in buitengewone omstandighede toelaat.
- 490.18.05 Artikels wat vol ingevoer word, mag in die Republiek slegs vir die vervoer en berging van die ingevoerde goedere gebruik word. Sodra dit uitgepak is, moet dit leeg uitgevoer word of vir doeleinades van uitvoer van goedere gebruik word.

VYFDE BYLAE

BEPaalde Teruggawes en Terugbetalings van DoeaneRegte
(Bylae No. 5 by die Wet)

DEEL 1

BEPaalde Teruggawes van DoeaneRegte

- 500.00.01 Enigiemand wat aanspraak maak op 'n teruggawe van reg kragtens die bepalings van enige item van Deel 1 van Bylae No. 5 ten opsigte van enige goedere in sodanige item vermeld, moet aansoek, by die Sekretaris deur die Kontroleur doen, op 'n deur die Sekretaris goedgekeurde vorm vir registrasie wat hom op so 'n teruggawe geregtig sal maak en vir registrasie van die personeel waar sodanige goedere gebruik sal word.

PART 2

TEMPORARY REBATES OF CUSTOMS DUTIES

- 460.23.01 Goods cleared in terms of the provisions of this item may not without the permission of the Secretary and payment of the full duty thereon to the Controller be returned to the supplier of such goods in the Republic and the supplier of such goods in the Republic shall not accept any such goods so returned to him before such permission has been obtained and such duty has been paid or otherwise before such permission is obtained and such duty is paid by him.
- 460.23.02 Goods cleared in terms of the provisions of this item, shall not be used or retained for use by the person for whom they were so cleared, in a new or unused condition for any purpose other than as provided for in the item and shall not be transferred or sold or disposed of by him to any other person without the permission of the Secretary and before the full duty due thereon has been paid to the Controller.
- 460.23.03 Goods cleared in terms of the provisions of this item which, with the permission of the Secretary, are used or retained for use by the person for whom they were so cleared for any purpose other than as provided for in the item or transferred or sold or disposed of by him to any other person after a period of use in terms of the provisions of the item by the person for whom they were so cleared, are subject to payment of duty to the Controller by the person for whom they were so cleared on the undermentioned basis and such duty shall, for purposes of calculation thereof, be deemed to be included in any selling price—
(a) goods which are free of duty—no duty included in selling price;
(b) goods (not being motor cars) liable to an *ad valorem* rate of duty—duty at the appropriate rate;
(c) goods (not being motor cars) liable to a specific rate of duty—one-tenth of the selling price;
(d) goods (not being motor cars) liable to an *ad valorem* and a specific rate of duty or to an *ad valorem* or a specific rate of duty—duty at the appropriate rate or one-tenth of the selling price, whichever amount of duty is greater; and
(e) motor cars classified under tariff heading 87.02.10—one-tenth of the selling price or the full duty rebated on the first entry under rebate less 10 per cent of such duty for each completed period of six months, whichever amount of duty is greater.

PART 3

TEMPORARY IMPORTATION OF GOODS UNDER REBATE OF CUSTOMS DUTIES

Item 490.00.

- 490.00.01 The temporary importation of any goods under the provisions of this item shall be subject in each case to—
(a) such procedure;
(b) examination;
(c) marking for the purpose of subsequent identification;
(d) method of entry on importation and exportation;
(e) provision of security of the duty due; and
(f) such other conditions; as the Secretary may impose.
- 490.00.02 In addition to the provisions of regulation 490.00.01, the provisions of regulations 522.00.01 to 522.00.03 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any goods entered under the provisions of item 490.00.
- 490.18.01 For the purposes of item 490.18 the expression "containers and other articles used as packing" includes all articles used, or to be used as packing in the state in which they are imported, in particular—
(a) those used, or to be used, as external or internal coverings for goods; and
(b) those on which goods are, or are to be, rolled or wound, or to which they are or are to be attached.
- 490.18.02 The articles should be so marked that they can be readily identified by the Controller at the time of importation and re-exportation. On re-exportation the import documents should be produced to the Controller.
- 490.18.03 The articles must be re-exported by the importer.
- 490.18.04 Re-exportation of the articles must take place within six months of the date of entry or within such further period as the Secretary may in exceptional circumstances allow.
- 490.18.05 Articles imported filled may only be used in the Republic for the transport and storage of the imported goods. Once they are emptied, they shall be exported empty or used for the purpose of exporting goods.

FIFTH SCHEDULE

SPECIFIC DRAWBACKS AND REFUNDS OF CUSTOMS DUTIES
(Schedule No. 5 to the Act)

PART 1

SPECIFIC DRAWBACKS OF CUSTOMS DUTIES

- 500.00.01 Any person desirous of claiming a drawback of duty under the provisions of any item of Part 1 of Schedule No. 5 in respect of any goods specified in such item, shall make application to the Secretary through the Controller, on a form approved by the Secretary, for registration to entitle him to such drawback and for registration of the premises where such goods will be used.

- 500.00.02 Die bepalings van regulasies 10.01.02, 10.01.03, 10.01.06, 10.01.07, 10.02.01, 10.02.02 en 10.02.03 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige teruggawe gesis kragtens die bepalings van enige item in Deel 1 van Bylae No. 5 en vir daardie doel word enige verwysing na Bylae No. 3, 4 of 6 geag 'n verwysing na Deel 1 van Bylae No. 5 in te sluit en 'n verwysing na 'n korting op reg geag 'n verwysing na 'n teruggawe van reg te wees.
- 500.00.03 Die Sekretaris kan eis dat enige aansoeker om registrasie kragtens die bepalings van regulasie 500.00.01 'n afsonderlike pakkamer, bewatter, tenk, werf of ander plek verskaf, ten opsigte waarvan die bepalings van regulasies 10.03.01 en 10.03.02 *mutatis mutandis* van toepassing sal wees, vir die opslag van goedere in enige item van Deel 1 van Bylae No. 5 vermeld ten opsigte waarvan registrasie kragtens regulasie 500.00.01 aangevra word.
- 500.00.04 'n Geregistreerde moet 'n voorraadrekord in 'n deur die Sekretaris goedgekeurde vorm hou, wat die besonderhede aantoon wat die Sekretaris in elke geval vereis. Sodanige besonderhede moet daagliks ingeskryf word.
- 500.00.05 Die Sekretaris kan eis dat 'n geregistreerde die werkrekords hou wat hy bepaal van die omskepping van goedere, in enige item van Deel 1 van Bylae No. 5 vermeld, in die goedere wat uitgevoer gaan word, en enige ander besonderhede wat hy bepaal of om sodanige monsters, fakture of ander dokumente wat hy bepaal, te hou.
- 500.00.06 'n Aansoeker moet tesame met sy aansoek om registrasie ooreenkomstig die bepalings van regulasie 500.00.01 aan die Kontroleur 'n verklaring voorlê van die metodes wat hy voornemens is om te volg, met die doel om bewys te lewer dat enige in 'n item van Deel 1 van Bylae No. 5 vermelde ingevoerde materiale ten opsigte waarvan registrasie verlang word, in die vervaardiging van die in sodanige item vermelde produkte gebruik is en dat hy op 'n teruggawe ten opsigte van die reg op sodanige materiale geregtig is.
- 500.00.07 'n Geregistreerde moet die Kontroleur onmiddellik, of vooruit, in kennis stel van enige verandering of voorgenome verandering in die geregistreerde naam waaronder hy handel drywe, die adres van sy geregistreerde perseel, die aard van die materiale wat deur hom kragtens die bepalings van Deel 1 van Bylae No. 5 verkry word en die aard van die goedere wat daarvan vervaardig word of die metode waarvolgens dit sy bedoeling is om sy eis op 'n teruggawe ten opsigte van sodanige materiale te bewys.
- 500.00.08 Die Sekretaris kan eis dat die formule wat deur enige geregistreerde kragtens enige deur hom bepaalde items van Deel 1 van Bylae No. 5 gebruik gaan word by hom geregistreer moet word en geen geregistreerde kragtens sodanige item mag, behalwe met die toestemming van die Sekretaris van sodanige formule awyf nie.
- 500.00.09 'n Aansoek om 'n teruggawe van reg kragtens die bepalings van enige item in Deel 1 van Bylae No. 5 moet aan die Kontroleur op die voorgeskrewe vorm (vorm DA 66) tesame met 'n aansoek om teruggawe op vorm DA 64 en die stawende bewys wat die Kontroleur verlang, voorgelê word.
- 500.00.10 'n Geregistreerde moet die hoeveelheid van elke klas of soort in die item van Deel 1 van Bylae No. 5 vermelde ingevoerde goedere wat werklik in enige in die bedoelde item vermelde uitgevoerde produk geïnkorporeer of gebruik is en ook die hoeveelheid van afval van sodanige ingevoerde goedere wat by die vervaardiging van sodanige uitgevoerde produk ontstaan het, vasselt en aan die Sekretaris bewys. Indien sodanige verlies, na die mening van die Sekretaris, ten opsigte van die onderhawige produk normaal is, kan hy 'n eis vir 'n teruggawe van die reg op sodanige ingevoerde goedere wat werklik in sodanige uitgevoerde produk geïnkorporeer of gebruik is en die normale afval wat in die vervaardiging van sodanige uitgevoerde produk ontstaan, aanvaar.
- 500.00.11 Geen teruggawe van reg wat die reg wat werklik by invoer van enige in 'n item van Deel 1 van Bylae No. 5 vermelde goedere oorskry, word ingevolge die bedoelde Deel betaal nie en die las om die bedrag van reg aldus by invoer van sodanige goedere betaal tot bevrediging van die Sekretaris te bewys, rus op die geregistreerde wat die teruggawe ten opsigte van sodanige goedere eis. Indien sodanige goedere vir betaling van reg deur 'n ander persoon as die betrokke eiser ingevoer of geklaar is, moet sodanige eiser 'n gewaarmerkte afskrif van die betrokke klaringsbrief van sodanige persoon verky en voorlê of reël dat sodanige afskrif deur sodanige persoon aan die Kontroleur voorgelê word.
- 500.00.12 'n Eis vir teruggawe van reg ooreenkomstig Deel 1 van Bylae No. 5 moet op die besendings van die onderhawige ingevoerde goedere, wat die langste tydperk in die besit van die eiser was, gegrond wees.
- 500.00.13 Die Sekretaris kan 'n eis aanvaar vir 'n teruggawe van reg op enige goedere vermeld in Deel 1 van Bylae No. 5 van 'n ander persoon as die vervaardiger van die uitgevoerde produk en hy mag 'n teruggawe van reg aan 'n uitvoerder wat nie die invoerder is nie of 'n persoon wat die reg by klaring vir binnelandse gebruik betaal het, magtig mits laasgenoemde se regte nie benadeel word nie. Geen eis vir teruggawe ooreenkomstig hierdie regulasie word deur die Sekretaris aanvaar, tensy die bedoelde vervaardiger geregistreer is ooreenkomstig die bepalings van regulasies 500.00.01 tot 500.00.08 en daaroor voldoen het nie en die Sekretaris kan verlang dat enige produk van enige sodanige ingevoerde goedere vervaardig, 'n identifikasiemerk of -nommer wat hy bepaal, gegee moet word en dat enige verklaring deur sodanige vervaardiger na sodanige merk of nommer moet verwys.
- 500.00.14 Ten opsigte van enige in die voorbehoudsbepaling in artikel 75 (7) vermelde goedere, is die volgende voorwaarde van toepassing—
- die kwaliteit, tipe en beskrywing van enige plaaslik vervaardigde goedere van dieselfde klas of soort as die vermelde ingevoerde goedere wat in die vervaardiging van enige uitgevoerde produk vermeld in die item wat op sodanige ingevoerde goedere betrekking het gebruik word, moet ongeveer dieselfde as die kwaliteit, tipe en beskrywing van sodanige ingevoerde goedere wees waarop enige eis vir teruggawe van reg betrekking het;
 - sodanige vermelde ingevoerde goedere moet uitsluitlik ooreenkomstig die bepalings van die item van Deel 1 van Bylae No. 5 waarin dit vermeld word, gebruik word en mag nie vir enige ander doel gebruik, verkoop of van die hand gesit word nie;

- 500.00.02 The provisions of regulations 10.01.02, 10.01.03, 10.01.06, 10.01.07, 10.02.01, 10.02.02 and 10.02.03 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any drawback claimed under the provisions of any item in Part 1 of Schedule No. 5 and for that purpose any reference to Schedule No. 3, 4 or 6 shall be deemed to include a reference to Part 1 of Schedule No. 5 and any reference to a rebate of duty shall be deemed to be a reference to a drawback of duty.
- 500.00.03 The Secretary may require any applicant for registration under the provisions of regulation 500.00.01 to provide for a separate store, vessel, tank, yard or other place, in respect of which the provisions of regulations 10.03.01 and 10.03.02 shall *mutatis mutandis* apply, for the storage of goods specified in any item of Part 1 of Schedule No. 5 in respect of which registration is sought under regulation 500.00.01.
- 500.00.04 Every registrant shall keep a stock record which shall be in a form approved by the Secretary and shall show such particulars as the Secretary may require in each case. Such particulars shall be entered daily.
- 500.00.05 The Secretary may require any registrant to keep such working records as he may decide in the case of the conversion of the goods specified in any item of Part 1 of Schedule No. 5 into the goods which are to be exported and such other particulars as he may decide or to keep such samples, invoices or other documents as he may decide.
- 500.00.06 Every applicant shall submit to the Controller with his application for registration in terms of the provisions of regulation 500.00.01, a statement indicating the methods he proposes to follow for the purposes of proving that any imported materials specified in any item of Part 1 of Schedule No. 5 in respect of which registration is sought have been used in the manufacture of the products specified in such item and that he is entitled to a drawback in respect of the duty on such materials.
- 500.00.07 Every registrant shall notify the Controller immediately, or in advance, of any change or contemplated change in the registered name under which he trades, the address of his registered premises, the nature of the materials obtained by him under the provisions of Part 1 of Schedule No. 5 and the nature of the goods manufactured therefrom or the method by which it is his intention to prove his claim to a drawback in respect of such materials.
- 500.00.08 The Secretary may require that the formula to be used by any registrant under such items of Part 1 of Schedule No. 5 as he may decide shall be registered with him and no registrant under such item shall depart from such formula except with the permission of the Secretary.
- 500.00.09 Any application for a drawback of duty under the provisions of any item of Part 1 of Schedule No. 5 shall be submitted to the Controller on the prescribed form (form DA 66) together with an application for drawback on form DA 64 and such supporting evidence as the Controller may require.
- 500.00.10 Every registrant shall establish and prove to the Secretary the quantity of each class or kind of imported goods specified in the item of Part 1 of Schedule No. 5 actually incorporated or used in any exported product specified in the said item and also the quantity of waste of such imported goods incurred in the manufacture of such exported product. If in the opinion of the Secretary such waste is normal for the product in question, he may accept a claim for a drawback of the duty on such imported goods actually incorporated or used in such exported product and the normal waste incurred in the manufacture of such exported product.
- 500.00.11 No drawback of duty in excess of the duty actually paid on importation of any goods specified in any item of Part 1 of Schedule No. 5 shall be paid in terms of the said Part and the onus of proving the amount of duty so paid on importation of such goods to the satisfaction of the Secretary shall rest upon the registrant claiming a drawback in respect of such goods. If such goods were imported or cleared for payment of duty by a person other than the claimant in question, such claimant shall obtain and submit an authenticated copy of the relative bill of entry from such person or arrange for such copy to be submitted to the Controller by such person.
- 500.00.12 Any claim for a drawback of duty in terms of Part 1 of Schedule No. 5 shall be based on the consignments of the imported goods in question which have been in the possession of the claimant for the longest period.
- 500.00.13 The Secretary may accept a claim for a drawback of duty on any goods specified in Part 1 of Schedule No. 5 from a person other than the manufacturer of the exported product and he may authorise a drawback of duty to an exporter who is not the importer or a person who paid the duty on entry for home consumption provided the rights of the last-mentioned are not prejudiced. No claim for drawback in terms of this regulation shall be accepted by the Secretary unless the said manufacturer is registered in terms of and has complied with the provisions of regulations 500.00.01 to 500.00.08 and the Secretary may require that any product manufactured from any such imported goods shall be given such identifying mark or number as he may decide and that any declaration by such manufacturer as mentioned in this regulation shall refer to such mark or number.
- 500.00.14 In respect of any goods referred to in the proviso to section 75 (7), the following conditions shall apply—
- (a) the quality, type and description of any locally manufactured goods of the same class or kind as the specified imported goods used in the manufacture of any exported product specified in the item relating to such imported goods shall be approximately the same as the quality, type and description of such imported goods to which any claim for drawback of duty relates;
 - (b) such specified imported goods shall be used only in accordance with the provisions of the item of Part 1 of Schedule No. 5 in which they are specified and shall not be used, sold or disposed of for any other purpose;

(c) enige eis vir teruggawe van reg sal gegronde wees op die reg betaal op die besendings van die vermelde ingevoerde goedere in die volgorde waarin dit deur die geregtreerde verkry is of indien die Sekretaris oortuig is dat die metode nie uitvoerbaar is nie en verskillende waardes of verskillende skale van reg van toepassing was ten opsigte van verskillende besendings van sodanige ingevoerde goedere, kan hy 'n bedrag aan reg bepaal en sodanige bedrag word geag die bedrag aan reg te wees wat ten opsigte van sodanige ingevoerde goedere betaal is; en

(d) die Sekretaris kan, by die toepassing van hierdie regulasie die hoeveelheid uitgevoerde goedere bepaal wat geag word van 'n gegewe hoeveelheid van vermelde ingevoerde goedere vervaardig te gewees het of die hoeveelheid van vermelde ingevoerde goedere wat geag gebruik te gewees het by die vervaardiging van enige gegewe hoeveelheid uitgevoerde produkte daarvan vervaardig.

